# Die Alfa & *Omega*

**NUUSBRIEF FEBRUARIE / MAART 2014**
**AGS MIEDERPARK**

## ‘n GOD VAN LIEFDE

**Mag die Here julle ryk en oorvloedig maak in liefde vir mekaar en vir almal - 1Thess. 3:12.**

Paulus bid vir die geestelike groei van die gemeente. Of hy nou ook die geleentheid sal kry om hulle persoonlik te besoek of nie, nogtans bid hy baie ernstig vir hulle sieleheil. Hy noem hier veral een onmisbare openbaring van die genade wat hulle in Jesus ontvang het, naamlik onderlinge liefde. Daardie liefde moes by hulle oorvloedig wees omdat die liefde van Christus in hulle harte uitgestort is. Paulus het verneem dat hulle besonder standvastig is in die geloof, maar hy het waarskynlik ook verneem dat daar by hulle ruimte was vir meer oorvloedige liefde, ofskoon dit nie afwesig was nie. Hulle moes mekaar as Christene onderling oorvloedig liefhê, maar hulle lliefde moes ook uitgaan tot alle mense.

Liefde is die vervulling van die Wet en Evangelie. Sonder die liefde kan ons God nie behaag nie, net soos ons Hom sonder geloof ook nie kan behaag nie. Ons bly dus die hoogste liefde verskuldig aan God wat ons eerste liefgehad het, selfs toe ons nog sondaars was; maar ons is ook as gelowiges onvervalsde liefde aan mekaar verskuldig, want ons is kinders van dieselfde hemelse Vader en die vrug van die Gees wat in ons almal woon, is LIEFDE. Ja, ons is selfs ook die draers van die liefde van God tot alle mense. Ons wat die liefde van God leer ken het, moet alle mense sonder aansien van persoon met welwillendheid en liefde bejeën.
(Lig en Lewe Dagstukke).

Stort u liefde oorvloedig in ons harte uit en help ons om mekaar lief te hê.

Amen

## BELANGRIKE DATUMS FEBRUARIE

- **09:00 Sondag: Oggenddienste**
- **16:30 Sondagmiddae – Geestelike Byeenkoms vir Vroue**
- **18:00 Sondag: Aanddienste**
- **18:00 Donderdagaande – Musiekoefening**
- **18:00 Vrydagaande – JAM-Byeenkoms**

---------------------------------------------

- 1 Februarie Sondagoggend: NAGMAAL
- 8 Februarie
  HANANJA WELSYNSDIENS
- 14 Februarie 19:00
  HANANJA WELSYN – “BRING JOU MAAT BUITELUG HAMBURGER EN FILMVERTONING”
- 19 Februarie 10:00
  KRUISBRIGADE BOEMELAARSDAG

# BELANGRIKE DATUMS MAART

- 09:00 - 1 Maart - Nagmaaldiens
- 10:00 - 19 Maart - Kruisbrigade na Wawielpark
- 08:00 - 21 Maart VOLLEYBALL-DAG: JAM
- 25 MAART - SKOLE SLUIT



## Verjaarsdae

*Baie geluk aan elkeen wat verjaar. Mag die seën van die Here hierdie jaar oor julle en julle gesinne wees!*

# FEBRUARIE

| Dag | Naam | Van | Telefoonnommer |
|---|---|---|---|
| 1 | Sannie | Vermaak | 0182931529 |
| 3 | WC | Swart | 0182930154 |
| 5 | Melissa | Jonker | 0733360612 |
| 5 | Marlene | Kirby | 0834477732 |
| 7 | Makka | de Beer | 0724006469 |
| 9 | Jaco | Peens | 0723523484 |
| 10 | Hannes | de Jonge | 0767555910 |
| 10 | Dawie | Pretorius | 0762197924 |
| 12 | Karin | Gouws | 0825329444 |
| 12 | Hendrehette | Jonker | 0733360612 |
| 14 | Ria | Odendaal | 0786081322 |
| 14 | Alexander | Nel | |
| 15 | Neels | de Jonge | 0761137569 |
| 17 | Tokkie (Magdalena) | Nieman | 0842600437 |
| 17 | Judith | Boardman | 0844503364 |
| 18 | Mariaan | Botes | 0746491572 |
| 18 | Elsabe | Gass | 0725003599 |
| 19 | Derek | Crots | 0829258881 |
| 19 | Christelle | Aspelling | 0833589786 |
| 19 | Michelle | Janse van Rensburg | 0182933041 |
| 20 | Esmè | Combrinck | 0828230887 |
| 28 | Megan | Buys | |

# WELSYN EN VROUEAKSIE

2015…'n Jaar vol uitdagings, verwagtinge en dalk ook die onbekende. Al wat van ons verwag word, is om te glo dat die Here vir ons gaan sorg en omgee. Uit die Engelse vertaling leer ons in Hebreërs 11 vers 1 die volgende:

*"Now faith is the substance of things hoped for, the evidence of things not seen."*

Geloof is die sekerheid wat ons in ons harte het dat God vir ons deur Jesus Christus die prys betaal het. Hoop is die sekerheid dat God vir ons wel 'n plan sal maak ook gedurende 2015.

Ons sien met groot verwagting uit dat die Here vir ons hierdie jaar wonderlike dinge gaan doen. Die Welsyn beplan 'n heerlike kuier-aand op 14 Februarie en ons wil u graag aanmoedig om ons te ondersteun. Die weeklikse verkope van die Vroueaksie begin op 1 Februarie en ons wil elkeen bedank vir u ondersteuning.
Moenie ons Geestelike Verrykingsessie op Sondaemiddae om 16:30 tot 17:30 mis nie!
Baie dankie dat ons op u kan staatmaak.

# WEES NIE BEVREES NIE

***Wees nie bevrees nie, want jy sal nie beskaamd staan nie. Jes. 54:4***

Wie hom op die Here verlaat, sal nie beskaamd staan nie. Daar is sowat 32 000 beloftes in Sy Woord en volgens 2 Kor. 1:20 is hulle in God **ja** en **amen**. Ons kan dus met albei ons voete staan op die beloftes van God. Jesus sê ook in Joh. 6:37: "Die wat na My toe kom, sal Ek nooit uitwerp nie."

Watter troos vir 'n sondaar om te weet dat as hy sy sondes bely, God getrou en regverdig is om hom die sondes te vergewe en om hom van alle ongeregtigheid te reinig (1 Joh. 1:9); dat God hom 'n nuwe mens kan maak (2 Kor. 5:17); en sy sondes kan uitwis en in die dieptes van die see kan werp en daar nooit weer aan dink nie (Jes.1:18 en 43:25; 44:22 en Ps. 103:12).

Watter heerlike boodskap vir 'n mens wat deur sonde beswaar is en wat deur sy eie toedoen hom in die hande van die dood bevind! DAAR IS VERLOSSING!!! DAAR IS 'N NUWE BEGIN!!! DAAR IS 'N NUWE MENS!!! Die sondaar word gered; sy lewe word verander; en kalmte en vrede kom in 'n eertydse ongelukkige lewe!

GOD STRY VOORTAAN SY SAAK VIR HOM.
(Dagstukkies).

---

## VERTROU OP GOD

Moenie jou te veel bekommer oor wie vir jou of wie teen jou is nie, maar sorg eerder dat God met jou is in alles wat jy doen.
Ou jou gewete skoon, en god sal jou beskerm en beveilig, want geen kwaad wat ander mense doen, kan skade berokken aan die een wat op God se bystand reken nie.
As jy kan stilbly en dinge verdra, sal jy beslis die hulp van die Here ervaar. Hy ken self die tyd en manier om jou te red.
Gee jou daarom volledig aan Hom oor……dit is God se saak om ons te help en van elke verleendheid te bevry.
Dit is dikwels goed as ander ons swakhede ken end it vir ons uitwys. Dit hou ons nederig.

Thomas A Kempis

# MAART

| Dag | Naam | Van | Telefoonnommer |
|---|---|---|---|
| 2 | Tjaart | Esterhuizen | 0835337987 |
| 2 | Alex | Gass | 0725003599 |
| 4 | Annetjie | Kemp | 0829228864 |
| 5 | Niek | Winterbach | 0722503804 |
| 6 | Christiaan | Baggerman | 0824410574 |
| 7 | Graham | Kirby | 0832389025 |
| 9 | Ruan | Vermaak | |
| 10 | Rita | Maartens | 0844496689 |
| 12 | Sampie | De Beer | 0724006469 |
| 14 | Pieter-Dirk | Conradie | 0842254209 |
| 14 | Rozelle | Vance | |
| 17 | Fanie | Buys | |
| 17 | Lily | Smit | 0723208010 |
| 18 | Jouber | Conradie | 0843148226 |
| 18 | Christo | du Plessis | 0745839598 |
| 19 | Ezelle | Vermaak | 0833799150 |
| 20 | Anna | Malan | 0762936487 |
| 24 | Hester | De Jonge | 0713307226 |
| 24 | Conrad | Vermaak | |
| 25 | Alexander | Swart | 0182930154 |
| 26 | André | Bouwer | 0823534897 |
| 26 | Wian | Cloete | 0182991138 |
| 27 | Wikus | Bouwer | 0823534897 |
| 28 | Marcel | Kairuz | 0823217680 |
| 28 | Mariska | Wagner | |

## WIE DOEN WAT EN WANNEER?

| | |
|---|---|
| **Pastoor** | - Tom Bekker 082 928 2894 |
| **Tesourier** | - Esmé Combrinck – 082 823 0887 |
| **Koster/Faktotum** | - Johan Cock 079 273 0821 |
| **Kerkkantoor** | - Sonica Nortjé 018 293 0142 (08:00 tot 13:00) |
| **Bussie-bestuurder** | - Roland van der Westhuizen 071 138 4802 |
| **COOLKIDS** | - René Bekker 082 921 6585 (Sondagoggend tydens diens in Saal). |
| **COOLBABIES** | - Amelia Boardman 082 474 4426 (Sondagoggend tydens diens in agterste Portaal). |
| **Tieners en Jeug (JAM)** | - Bennie Jonker 073 409 9630 Pieter-Dirk Conradie 084 225 4209 |
| **Kruisbrigade** | - Seun en Gladys Jacobs 084 605 4082 |
| **Hananja Welsyn** | - Renè Bekker 082 921 6585 (Kospakkies) |
| **Hananja Welsyn** | - MarjorieViljoen 072 693 1184 (Klerestoor) |
| **Musiekdepartement** | - Andrij van der Merwe 078 962 1725 |

# UIT PASTOOR SE HART

Dit is ‘n nuwe jaar met nuwe planne, voornemens en baie idees…
Net soos elke vorige jaar, skop alles met ‘n groot vaart af. Almal is aangevuur en spring aan die werk. By die kerk maak ons planne en bied ‘n verskeidenheid van programme aan. Hier aan die begin raak die pas net al hoe vinniger en meer intens. Ongelukkig, soms tot die gevolg dat mense uiteindelik moeg en uitgeput is. Wat kry ons vir al hierdie harde werk, die geswoeg en sweet? Salomo sê dit het nie veel waarde nie en is eintlik net ‘n gejaag na wind. In die kerk sit ons met mense wat net te besig is. Ander is uitgeput en ander hardloop van die een aktiwiteit na die ander. Ons ly uiteindelik almal skade!
Ek ly skade. Die kerk ly skade.
Ons verhouding met ons families ly skade.
En die belangrikste – ons verhouding met God ly skade!
Ons sit ongelukkig in ‘n era van besige mense. Mense is nie meer bereid om betrokke te raak nie. Die Kerk ploeter voort en sukkel om sy mandaat uit te voer. Programme loop dood. Dienste loop dood. Mense is stadig maar seker besig om hulself uit te brand.
Kom ons raak in 2015 kalm en rustig. Raak betrokke by belangrike dinge en werk ernstig aan u verhouding met God en u gesin. Die Woord leer ons - wat baat dit die mens as jy die hele wêreld wen, maar aan jou siel skade ly?

Groete tot volgende keer…

# COOLKIDS – NUUS



Dit is met groot verwagting dat ons hierdie jaar die Coolkids aanpak. Esmé het na 15 jaar besluit om die tuig as Kinderkerk-hoof neer te lê en René het die leierskap by haar oorgeneem. Ons beplan ‘n heerlike program vir hierdie jaar en wil u kind op ‘n ontdekkingsreis deur die Bybel neem. Dit is belangrik dat u sal poog om hom of haar elke Sondag by ons te besorg.
U kan verseker wees dat ons doel is om u kind geestelik toe te rus vir elke dag van sy/haar lewe. Hulle gaan heerlike take kry om te doen tydens die les en ons wil ook vir hulle leer om hul eie stiltetyd te bemeester. Sonder u hulp is dit nie moontlik nie!

Coolkidsgroete…
René

# WIE IS EK DAN?

Toe ‘n vrou eendag bid, vra sy: “Wie is U Here?” En die Here antwoord; “EK IS”

“Maar wie is ‘EK IS’?” vra sy moedeloos. Hy antwoord:

EK IS liefde
EK IS vrede
EK IS genade
EK IS vreugde
EK IS die weg, die waarheid, die lig en die lewe
EK IS die Verlosser
EK IS krag
EK IS die Skepper, die begin en die einde…

Met trane in haar oë vra die vrou, “Maar Here, wie is ek dan?”
Terwyl God saggies haar trane afdroog, fluister Hy in haar oor:

“JY IS MYNE!”

Onbekend